BEPALINGS EN VOORWAARDES VERBONDE AAN SOLIDARITEIT WERKNET

1. Definisies

1.1 Persoonlike inligting: Inligting soos omskryf in die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (No. 4 van 2013).

1.2 Solidariteit: ’n Geregistreerde vakbond ingevolge artikel 97 van die Wet op Arbeidsverhoudinge (No. 66 van 1995).

1.3 Werkgewer(s): Enige persoon of instansie wat op hierdie platform geregistreer is om toegang tot werksoekers se CV’s te verkry of om vakante poste op Werknet te adverteer.

1.4 Werknet: Die gratis elektroniese platform van Solidariteit waarop werksoekers hul CV’s kan laai en werkgewers toegang tot die CV’s kan verkry en poste kan adverteer.

1.5 Werksoeker: Enige persoon wie se CV op hierdie platform geplaas is.

2. Bepalings en voorwaardes

2.1 Werknet is ’n produk wat Solidariteit aan werksoekers en werkgewers bied waardeur:

2.1.1 werksoekers hul CV’s kan plaas sodat werkgewers toegang daartoe het om sifting te doen en geskikte werksoekers vir werksonderhoude te nooi en,

2.1.2 werkgewers vakante poste kan adverteer sodat werksoekers vir vakante poste kan aansoek doen.

2.2 Enige verbintenis wat ’n werkgewer met ’n werksoeker aangaan, is tussen daardie werkgewer en ’n werksoeker en nie met Solidariteit nie en daar berus geen aanspreeklikheid op Solidariteit teenoor die werkgewer en/of die werksoeker nie.

2.3 Solidariteit gee nie enige waarborg of onderneming, hetsy uitdruklik of geïmpliseer, skriftelik of mondelings, oor die inhoud en akkuraatheid van CV’s nie.

2.4 Solidariteit gee nie enige waarborg of onderneming, hetsy uitdruklik of geïmpliseer, skriftelik of mondelings, oor die inhoud en akkuraatheid van ’n advertensie of werkgewerbesonderhede nie.

2.5 Solidariteit aanvaar geen verantwoordelikheid vir die bemarking of die beskikbaarstelling van inligting rakende advertensies van vakante poste nie.

2.6 Solidariteit aanvaar geen verantwoordelikheid vir die akkuraatheid van inligting wat in ’n werksoeker se CV verskaf word nie.

2.7 Die werksoekers en werkgewers het geen eis teen Solidariteit, sy bestuur, werknemers, ondersteuningspersoneel of agente wat uit die gebruikmaking van die Werknet-platform voortspruit of daarmee verband hou nie, hetsy ’n ooreenkoms tussen die werksoekers en werkgewers aangegaan is, of nie.

2.8 Die werksoekers en werkgewers vrywaar Solidariteit, sy bestuur, werknemers, ondersteuningspersoneel of agente teen alle verliese, wat direk of indirek voortspruit uit, of in verband staan met die gebruik van die Werknet-platform.

2.9 Werknet is slegs toeganklik vir werksoekers en werkgewers wat vooraf op die platform registreer.

2.10 Die werksoeker sowel as die werkgewer sal voor toelating tot die Werknet-platform die bepalings en voorwaardes moet aanvaar.

2.11 Solidariteit behou die reg voor om hierdie Werknet-platforms te enige tyd te wysig, te skrap, uit te brei, te beperk of ’n tydsduur daaraan te koppel.

2.12 Die werksoeker is bewus daarvan en stem toe dat werkgewers die werksoeker se persoonlike inligting bekom en verwerk.

2.13 Die werkgewer stem toe om, by die verkryging van persoonlike inligting op die Werknet-platform, te voldoen aan die bepalings van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (No. 4 van 2013) en die persoonlike inligting slegs te gebruik vir die doel waarvoor die persoonlike inligting op die Werknet-platform geplaas is.

2.14 Werksoekers en werkgewers gee by aanvaarding van hierdie bepalings en voorwaardes toestemming dat hulle deur instellings binne die Solidariteit Beweging gekontak kan word om produkte en dienste aan hulle te bemark.

2.15 Werknet doen alles in sy vermoë om te verseker dat persoonlike inligting streng vertroulik hanteer word. Werksoekers sal Werknet egter nie aanspreeklik hou indien hul CV’s onwettig vanaf die Werknet-platform by

wyse van ongemagtigde middele bekom en / of sonder toestemming versprei word nie.

2.16 Terwyl Werknet voorsorgmaatreëls tref om te verseker dat die Werknet-webwerf vry van virusse is, kan Werknet nie waarborg dat lêers wat gelaai word om via die webwerf gebruik te word of per e-pos deur die webwerf afgelaai word vry is van virusse en/of ander skadelike programme nie. Werksoekers en werkgewers is verantwoordelik vir die implementering van voldoende beskermende sagteware op hul stelsels wat hul spesifieke databeveiligingsvereistes sal bevredig en om self te sorg vir rugsteun (back-up) van data indien data verlore sou gaan.

2.17 Werksoekers stem in om voorsorgmaatreëls te tref om te verseker dat hul CV op Werknet vry is van virusse of ander skadelike programme.

2.18 Werknet behou die reg voor om enige CV of advertensie te verwerp, van sy webblad te verwyder en enige registrasie te kanselleer.

2.19 Werksoekers of werkgewers moet Werknet onmiddellik in kennis stel indien dit waarskynlik is of bekend word dat iemand wat nie daartoe gemagtig is nie, hul wagwoord of gebruikersnaam gebruik, of as dit op enige ongemagtigde wyse gebruik word of waarskynlik gebruik sal word.

2.20 Werksoekers mag slegs hul eie CV op die Werknet-platform plaas.

2.21 Geen vergunning, uitstel of ander toegewing wat Solidariteit aan werksoekers en werkgewers mag gee ten opsigte van die nakoming van enige verpligting ingevolge hierdie bepalings en voorwaardes, word onder enige omstandighede geag 'n geïmpliseerde toestemming of uitoefening van afstanddoening daarvan te wees nie en raak nie op enige wyse enige regte van Solidariteit kragtens, of voortspruitend uit hierdie bepalings en voorwaardes nie, en stop of weerhou Solidariteit nie van die afdwinging van streng en stiptelike voldoening hiervan nie.

HIERMEE AANVAAR EK DIE BEPALINGS EN VOORWAARDES VIR REGISTRASIE TOT WERKNET